



## NUUS

### Uit die skoolhoof se kantoor

6 Junie 2019

Ons leerders is druk besig met eksamen - die laaste vakke word 14 Junie geskryf. Ons herhaal net weer dat skoolbywoning verpligtend bly vir alle leerders van graad 8 tot 11, al skryf die leerder nie 'n vak nie. Slegs graad 12-leerders het die vergunning ontvang om te blok.

### ARTHSS foto's beskikbaar

6 Junie 2019

Klein weergawes van die ARTHSS foto's is in die dogtersportaal aangebring. U of u kind kan dit kom besigtig, die korrekte bedrag geld in 'n koevert sit, met die kind se naam en bestelling voorop, en dit by mev De Klerk (sekretaresse) inhandig. Die gewone Jumbo (koevertgrootte) foto's is R15 elk, en daar is ook vergrotings beskikbaar teen hoër pryse. Die instruksies en verskillende pryse is ook daar aangedui. Die sluitingsdatum vir hierdie bestellings is 14 Junie 2019.

### Rugby prestasies

6 Junie 2019

Baie geluk aan die volgende rugbymanne met hul prestasies:  
Mnr Martin Dyason is aangewys as die hooffrigter van Boland Akademie.  
Fernin Arendse is gekies vir die Cravenweek O/18-span.  
Marlo Bester en Estean Herman is gekies vir die O/18-Boland Akademie-span.  
Romeal Swartz en Reuben Tharratt is gekies vir die O/16-Grant Khomo-span.  
Pragtige prestasies, ons is trots op julle!

### Klerebank tye

6 Junie 2019

Van Maandag 27 Mei af sal die klerebank op die volgende tye oop wees:  
Maandae, Woensdae, Vrydae: 08:30 - 13:30

### Matrieksertifikate 2018

6 Junie 2019

Die matrieksertifikate van 2018 het gearriveer en kan by die skool se ontvangs afgehaal word. Die persoon wat dit kom afhaal, moet net 'n identiteitsdokument saambring. U kan ons help deur hierdie nuus te versprei. Dankie!

### Eisteddfod sluitingsdatums

6 Junie 2019

10 Julie: Paarl Vallei inskrywings - alle kunswerke en skryfstukke ingelewer by mev Hunlun-van Zyl

### Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

6 Junie 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:  
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.  
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.  
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

### Skool, koshuise, bus, rekening nommers

6 Junie 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuyzen)  
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438  
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)  
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311  
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)  
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463  
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)  
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058  
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

### School Communicator Mobile App

6 Junie 2019

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.  
<http://school-communicator.com/download.php>

Indien u liever verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

## **KALENDER** vir 6 Junie 2019 - 13 Junie 2019

6th Junie 2019

### **Interskole vergadering (tuis)**

13:30

10th Junie 2019

### **Mev De Klerk verlof**

Mev De Klerk se kantoor is gesluit vir die dag. Navrae: mev Hamman by ontvangs.

## **HULPBRONNE** bygevoeg in die afgelope 7 dae

### **Mei 31 Nuusbrief**

[http://downloads.d6communicator.com/downloads/resources/245\\_resource\\_5cef7ffd87bf2293364157.pdf](http://downloads.d6communicator.com/downloads/resources/245_resource_5cef7ffd87bf2293364157.pdf)

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Klik hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.

**Hoërskool Swartland**